

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
17 Julie 1977

Onderwerp: Wedergeboorte

Lees: Johannes 3 verse 1 tot 12

Teks: Johannes 3 verse 6 en 7

Sing: Psalm 68 vers 9
Gesang 306 vers 4
Gesang 205 vers 1

“Op haas elke kruin van die lewe is die mens besig om die een prestasie na die ander te bereik. Wat ’n reuse vooruitgang is daar nie al gemaak in die twee duisend jaar sedert die menswording van die Heiland Jesus Christus; óf sedert die begin van hierdie eeu; óf selfs maar net in u en my leeftyd nie.

“Daar is nog mense onder ons wat al in die wêreld was in die tyd toe die perd die vinnigste vervoermiddel was. En vandag beweeg ons teen asemberowende snelhede deur die ruimte. En so sou ons kon voortgaan om die fenomenale vooruitgang te beskryf wat menslike kennis en wetenskap teen ’n toenemende tempo maak.

“Maar laat ons nie vergeet dat die vermoë van die mens om vooruit te gaan, nie onbeperk is nie. Eintlik sou ons kon sê, as ons die saak grondig ondersoek, dat die vooruitgang plaasgevind het ten opsigte van ’n baie klein deeltjie van die mens se bestaan. Hierteenoor is daar op ander terreine van die mens se bestaan op aarde hoegenaamd geen vooruitgang gemaak nie. Alhoewel die mens se lewe op aarde aangenamer en geriefliker geword het, het dit ook gevaarliker geword.

“Dieselfde menslike denke wat alles in sy vermoë doen om mense se lewens te red en van die wêreld ’n aangename en gerieflike woonplek te maak, het kernwapens en ander moderne wapentuig daar gestel wat in staat is om alle lewe op aarde binne enkele ure uit te wis.

“Die rede is dat dieselfde mens wat oor die vermoë beskik om al die denkbare geriewe daar te stel, nog net so egoïsties, leuenagtig en onbetroubaar is as die mens van twintig of meer eeue gelede.

“Hoe magtiger die mens dus word, hoe groter is ook die mag van die sonde, waaraan hy sedert Adam

en Eva onderhewig is. Dit maak van hom 'n monster wat God se mooi wêreld besoedel.

“Om hierdie rede, Broers en Susters, is daar vir die toekoms van hierdie wêreld en die mens met sy wetenskaplike en kulturele ontwikkeling geen heil nie.

“Waarom nie?

“Jesus Christus gee die antwoord in die teks: ‘Wat uit die vlees gebore is, is vlees’. (Joh 3:6)

“Die menslike vlees, in die sin van die inherente sonde wat eie is aan elke mens, is en bly vleeslik en sondig. Hoe mooi die mens se ontwikkeling op wetenskaplike en kulturele gebied ookal lyk en watter hoë vlugte dit ookal bereik het, uit die knellende voetboeie van die sonde kan dit nie self ontsnap nie. Dit kan nie self die houvas van die sonde op die mens ontkom nie.

“Daarom, toe Jesus in gesprek getree het met Nikodémus, 'n owerste van die Jode en 'n hooggeleerde man van sy tyd, het Jesus die volstreekte noodsaaklikheid beklemtoon van 'n geestelike geboorte wat die mens moet ondergaan om vry te kom van die knellende juk van die slawerny van sonde. Hierdie ingrypende gebeurtenis moet in 'n mens se lewe plaasvind om hom vry te maak van die mag van die sonde. Hy moet opnuut geestelik gebore word.

“Nikodémus het die woorde van Jesus nie begryp nie. Natuurlik nie, want ook hý was vasgevang in die vlees. Dit het Jesus ook duidelik vir hom gesê, toe Hy hom daarop gewys het dat die saligheid nie deur 'n streng nakoming van die wet bereik kan word nie, maar wél deur die geloof in die Seun van God.

“Omdat Nikodémus nie verstaan het nie, het hy gevra: ‘Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie?’ (Joh 3:4) Hy wou hierdie saak letterlik verstaan het. Hy het gedink Jesus het verwys na 'n tweede fisiese geboorte, terwyl Jesus eintlik gesê het dat die mens opnuut van Bo gebore moet word.

“Broers en Susters, dit kan alleen geskied as die Heilige Gees dit op sy eie vrymagtige manier in 'n mens se lewe bewerkstellig.

“Jesus het met hierdie beeldspraak van 'n nuwe geestelike geboorte gesê: Waar die Heilige Gees van die HERE op 'n mens se lewe beslag lê, vind daar 'n ingrypende verandering plaas. Daar word alles anders en nuut. Só anders en só nuut dat die persoon, om die waarheid te sê, 'n splinternuwe lewe ontvang. Dit is 'n

nuwe lewe van geestelike aard, in plaas van die ou vleeslike lewe. Dit is 'n lewe wat nie meer net uit die vlees gebore is nie, maar weergebore van Bo deur die werking van die Heilige Gees van God.

“En dan, maar ook dán alleen, kom so 'n lewe los uit die bande van die sonde wat dit voorheen gebind het. Dan kan dit beantwoord aan die eise wat God daaraan stel en daarom die Ewige Lewe bereik wat God wil hê dit moet bereik.

“Maar sonder die wedergeboorte is dit volstrek onmoontlik en bly die mens gebonde aan sy vleeslike natuur en kan sy ontwikkeling en kultuur alleen maar tot sy ondergang lei.

“As ons teen hierdie agtergrond weer kyk na die wêreld waarin u en ek en ons kinders ons bevind, is dit wel 'n wêreld van indrukwekkende menslike prestasies. Ja, maar 'n wêreld waarin juis hierdie tekens van vooruitgang tegelykertyd die mens se voortbestaan bedreig.

“Ons kan die skuld maar pak op wie en wat ons wil. Ons kan sê dat die wetenskap die wortel is van die dinge wat ons bedreig. Of ons kan die skuld gee aan een of ander geestesstroming of ideologie: die Kapitalisme of Kommunisme, verkramptheid of verligtheid, Apartheid of integrasie. Maar al hierdie dinge kan niks meer wees as blote bydraende faktore tot die toestand waarin ons verkeer nie. Die oorsaak, die wortel, is dit beslis nie. Nee, die wortel van die probleem lê veel dieper. Dit lê daarin dat ons vlees is en dus sondig en dat die wêreld as sodanig onwedergebore is.

“Wat uit die vlees gebore is, is vlees. En ons moet uit die Gees gebore wees. Daarom moet u en ek ons nie verwonder as die boodskap van die Woord van God aan die mens van vandag presies dieselfde is as dié aan Nikodémus nie: Julle moet weergebore word. Julle moet van Bo gebore word deur die Heilige Gees. As dit nie gebeur nie, is daar geen heil vir ons nie. Dan is daar geen toekoms vir ons en ons kinders nie.

“Maar nou is die proses van wedergeboorte nie iets wat ons op die een of ander menslike wyse aan die gang kan sit nie. Nee, dit is iets wat God alleen deur sy Heilige Gees kan laat gebeur. Al wat ons in hierdie proses kan doen, is om ons voor Jesus Christus te verootmoedig en te erken: Here, dit is as gevolg van die onwedergeboreheid van die mensdom dat die wêreld in hierdie haglike omstandighede verkeer. Dan moet ons Hom bid om sy Heilige Gees weer oor hierdie

wêreld vaardig te laat word, sodat mense opnuut geestelik gebore kan word.

“Wat onself betref, wat begeer u vir uself en u kinders? Of u genoeg geld besit om in u lewensbehoefte nou en in die toekoms te kan voorsien? Of ons genoeg versekering het om ons gesin te versorg as die broodwinner sou wegval? Of ons in ons kinders se studiebehoefte sal kan voorsien? Of ons gesondheid na wense is? Ja, dit is goeie en belangrike vrae. Maar vra ons ooit die heel belangrikste vraag vir onself? Vra ons ooit? Is ek en my kinders wedergebore deur die Heilige Gees van God? Handel en dink ek en hulle soos wedergeborenes wat deur die Gees van Jesus Christus verlos is van die bose krag van sonde?

“Miskien vra u: Hoe weet ek dat ek wedergebore is? Johannes sê: ‘Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die een lief wat uit Hom gebore is.’ (1 Joh 5:1)

“U kan dus hieraan weet of u wedergebore is: Glo u in Jesus Christus? En het u hulle lief wat ook uit God gebore is? Dan is u geloof in Jesus Christus eg. Dan is u wedergebore.

“En as ons weet dat ons ’n wedergebore kind van God is, dan kan ons begin bid om die wedergeboorte van ons kinders, ons dierbares, die lidmate van ons kerk, sodat hulle verlos kan word van die mag van sonde, waaraan hulle anders onderhewig sal bly tot hulle ewige ondergang. Want: ‘Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die gees gebore is, is gees.’

“Amen.”